Die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland
PO Box 300 674
Albany
Auckland
Klub tel. (09) 478 2291
E-pos: Die.Afrikaanse.Klub@clear.net.nz
Webblad: www.afrikaans.org.nz

25 November 2002

Voorsitter se Jaarverslag - 2002

1. *Inleiding*

Gedurende November 2001 is 'n nuwe Bestuurskomitee tydens Die Afrikaanse Klub se Algemene Jaarvergadering verkies. Die lede was:-

Philip Langenhoven (Voorsitter)
Manna van Zyl (Tesourier)
Berra van den Heever (Administrateur)
Carl Broekman (Sosiale Koördineerder)
Christo Minnie (Bemarkings-koördineerder)
Johan Loots (Addisionele Lid)

Die huidige Bestuurskomitee wil langs hierdie weg erkenning gee aan die stigters van Die Afrikaanse Klub, onder leiding van Francois Schoeman, wat deur heelwat uitdagings gekonfronteer is toe hulle wou stig wat ons almal tans as vanselfsprekend aanvaar. In daardie jare was dit nie so 'n gewilde gedagte dat immigrante hul taal en kultuur wou behou nie.

Die feit dat Nieu-Seeland se profiel baie vinnig verander het en steeds verander, asook die feit dat daar nou so baie Suid-Afrikaners en spesifiek Afrikaanssprekendes in Nieu-Seeland woon, het dit aan die huidie Bestuurskomitee duidelik gemaak dat die tyd vir 'n volgende era aangebreek het: een waarin ons mense die kop kon oplig oor wie en wat hulle is, maar ook dat ons mense die nuwe uitdagings met oop gemoed leer aanvaar en terseldertyd daardie nuwe self-sekerheid aanwend om ook na ander uit te reik.

Die Bestuurskomitee het tot die slotsom gekom dat Die Afrikaanse Klub voor groot uitdagings staan wat betref sy algemene beeld, groei, finansies en fokus. Die uitdaging is veral gesien in die noodsaaklikheid om die Afrikaanssprekende immigrant te help om homself gemakliker in sy nuwe omgewing te vestig. Ook om 'n klimaat te vestig waarbinne dit vir die Afrikaanse immigrant al makliker sal word om sy identiteit in die nuwe land te behou en terselfdertyd groter aanvaarding op alle vlakke te beleef.

Daarom was dit vir ons belangrik dat die Afrikaanssprekende bemagtig word om dit te bereik deur die aanbieding van opwindende projekte in kultuur- en sosiale verband en ook deur die opregte uitreiking na en deelname aan die Kiwi- en multi-kulturele gemeenskap om ons.

4. ***Resultaat van Strategiese Beplanning***

Ons het kort na die verkiesing strategiese beplanning gedoen en die Klub se missie, doelwitte en fokusareas geherdefinieer. Die volgende werkende definisies het die Bestuurskomitee vir die res van die kalenderjaar gerig:-

Missie

Hierdie is 'n nie-winsgewende Afrikaanstalige klub, ter ondersteuning van Suider-Afrikaanse immigrante in Nieu-Seeland en vir die daarstelling van opbouende, sosiale, netwerk- en kultuuraktiwiteite.

Doelwitte

- Om die gesinseenheid te ondersteun deur die daarstelling van opbouende aktiwiteite wat in gesinsverband geniet kan word.
- Om nuwe immigrante voortdurend met goeie diens te ondersteun.
- Om deur middel van die kunste in die breedste sin aan die verskillende kulturele behoeftes van ons teikengemeenskap te voldoen en die gemene deler tussen mense te ontgin.
- Om na die Kiwi-, multikulturele, (SA) Engelssprekende en bruin gemeenskap in Nieu-Seeland uit te reik en die Afrikaanssprekende immigrant op positiewe wyse aan hulle bekend te stel.

Al bogenoemde is nagestreef uit dankbare erkenning aan God Drie-Enig.

Nuwe Fokusareas

- **Gesinsfokus:-**
  Danse, pretdae, braaivleise, uitstappies, ondersteuning v. immigrantgesinne, ens.
- **Kunstefokus:-**
  Afrikaanse Kunstefeeste, toneel, ad hoc musiek- en liriekkonserte, ontginning van plaaslike Afrikaanse talent, ens.
- **Uitreikfokus:-**
  Affiliasie by toepaslike kulturele organisasies, die ontwerp van projekte wat mense van ander groepe pro-aktief betrek, posisionering by relevante leiers in die gemeenskap, die bou van 'n positiewe beeld van die klub en die Afrikaanssprekende, ens.

6. ***Eerste prioriteit: Klub se Beeld***

6.1 Nuwe identiteit

6.1.1 Die tyd was ryp vir 'n gepaste embleem vir die Klub. Mara-Marie Joubert is versoek om verskeie ontwerpe vir oorweging voor te lê. Die gewildstes is in 'n steekproef onder Afrikaanssprekendes, Engelssprekende Suid-Afrikaners,

Pakeha Kiwi's en Maori's getoets. Die aanvaarde een is die een wat op bladsy een van hierdie verslag verskyn.

6.1.2 Die doel was om weg te kom van enige potensieel sensitiewe simbole, en om nie net SUID-Afrika as herkoms daarin te erken nie, maar ook SUIDER-Afrika, aangesien die Klub ook heelwat lede vanuit Namibië het. Ook moes die simboliese nuwe band met Nieu-Seeland as ons nuwe tuiste uitgebeeld word.

6.2. Nuwe webblad

6.2.1 Mara-Marie Joubert het ook ingewillig om op vrywillige grondslag die Klub se webblad te herontwerp. Ons is haar baie dank verskuldig vir 'n groot werk wat tot 'n baie aantreklike, gebruikersvriendelike webblad aanleiding gegee het. Haar werk het nie daar opgehou nie, want sy is steeds die Klub se Webmeester – ook op vrywillige basis. Talle positiewe briewe is ontvang nadat die blad geloods is.

6.2.2 Ons het ook 'n Engelse opsomming van die webblad se inhoud op die webblad beskikbaar gemaak, sodat veral Kiwi's wat ons webadres raakloop kan verstaan wat ons doelwitte werklik is. Dit het tot enkele stukkies positiewe terugvoering van Kiwi's af gelei.

6.2.3 Die Klub het 'n taak om ook voornemende immigrante in Suider Afrika d.m.v. die Klub se webblad in te lig oor omstandighede in Nieu-Seeland, asook om aan te toon dat daar wel op positiewe wyse met Suid-Afrikaanse aktiwiteite gewerskaf word.

6.3 Geboorte van E-tydskrif

6.3.1 Die Klub se kwartaalblad, "Uit-maar-Tuis", het die punt bereik waar dit weens vorige groei in leserstal, te duur en te veel van 'n arbeidsintensiewe proses geword het om volgehou te word. Dus is besluit om dit te herontwerp en as 'n elektroniese tydskrif te versprei. Meteens was die blad nie meer 'n finansiële las vir die Klub nie en kon sy verspreiding gedurende 2002 bykans verdriedubbel word. Omdat dit ook op die webblad gepos kan word, is dit ook vrylik toeganklik vir enigeen ter wêreld wat dit van die webwerf wil aflaai.

6.3.2 Ook is die bestaande beginsel herbevestig dat die blad nie sal poog om kontroversieel te wees nie, maar om opbouende inligtinggewing en vermaak as hoofdoelwitte te hê.

6.4 Herontwerp: "Brokkies"

6.4.1 Een van die mees suksesvolle inisiatiewe van die Klub van jare gelede was sy elektroniese weeklikse kommunikasiemedium, ofte wel "Brokkies". Dit het deur die afgelope jare gegroei tot 'n onmisbare deel van die Suid-Afrikaner se verblyf in Nieu-Seeland. Baie dankie nogmaals aan Arina Grobler vir die jare se onbaatsugtige werk hieraan, tot aan die einde van 2001.

6.4.2 Omdat dit so 'n kragtige medium is, is besluit om "Brokkies" se aanslag gedurende die afgelope jaar aan te pas en hierdie blad in 'n aktuele, pro-aktiewe nuusmedium te ontwikkel, wat die advertensiefunksie ondersteun. Dit is ook 'n ideale promosiemedium vir die Klub se eie projekte en is as sulks

deeglik aangewend. Natuurlik is dit ‘n waardevolle bron van inkomste vir die Klub, waarmee lopende uitgawes gedek kan word.

7. ***Tweede prioriteit: Klub se Finansies***

7.1 Die Klub se finansies moes drasties verbeter word, sodat groter en meer ambisieuse projekte aangedurf kon word. Dus is ‘n besigheidsbenadering gevolg ten opsigte van alle projekte, hoewel dit nooit uit die oog verloor is nie dat die Klub vir ‘n sekere gemeenskap werk en diens moet lewer. Die Bestuurskomitee kan met selfvertroue sê dat billike toegangsfooie vir projekte gevra is. Vergelyk die $12 wat ‘n volwassene vir ‘n rolprentvertoning betaal (en wat deur miljoene mense ter wêreld gesien word) met die $15 wat gevra is om ‘n bekende Afrikaanse sanger soos Mathys Roets tydens ‘n eenmalige optrede in lewende lywe te kan sien! Dan vergelyk ons dit nog nie eens met die gemiddelde prys van $45 vir soortgelyke vertonings in Auckland nie!

7.2 Die Bestuurskomitee is baie dankbaar dat ‘n baie stewige bankbalans van bykans $12,000 vanjaar opgebou is. Dit was vir ons belangrik om ‘n gesonde “kussing” op te bou, sodat met meer gemak groter vir die toekoms gedink en beplan kan word. Om bv. In die toekoms ‘n baie groter Kunstefees aan te bied, wat meer as een goeie Afrikaanse kunstenaar van Suid-Afrika af bring, sou ‘n finansiële kussing vereis wat nog heelwat hoër as die huidige bankbalans is.

7.3 Manna van Zyl, ons Tesourier het aanbeveel dat die Klub se boekhouding op ‘n professionele rekenaarpakket gedoen moet word. Die MYOB-program is gevolglik aangekoop en word met vrug gebruik.

8. **Klubprojekte**

Die volgende Klubprojekte is aangepak, met inbegrip van die Klub se Gesinsfokus, kultuurtaak en die behoefte om te verseker dat projekte bydra tot die voortdurende verbetering van die Afrikaanssprekende spesifiek en Suid-Afrikaners in die algemeen se beeld en posisionering:-

8.1 Oujaarsdans

Bykans 300 mense het ‘n heerlike dans in Wairau Intermediate School, Forest Hill op die North Shore van Auckland bygewoon en tot baie laat gekuier om 2002 te verwelkom.

8.2 Aktrise Trix Pienaar

Die Afrikaanse Klub het Trix Pienaar spesiaal van Suid-Afrika af ingevlieg om ‘n toer te onderneem met haar lekker gesins-storievertellings uit die Swartland, “Kontreistories”. Verteenwoordigers is op verskeie plekke gereël en sy is op ‘n toer geneem, om die stories na die mense toe te neem en daarmee ook die Klub se nuwe fokusareas aan gehore bekend te gaan stel. Haar program was soos volg (met die koördineerder in hakies):-

14 Februarie - Whangarei – (Karin de Beer)
16 Februarie - Tauranga – (Poppie Engelbrecht)
17 Februarie - Rotorua – (Rika Otto)
20 Februarie - Pukekohe – (Johan Loots)
23 Februarie - Wellington – (Pieter van Blerk)

24 Februarie – Auckland – (Sosiale Komitee)

'n Lid van die Nieu-Seelandse Parlement het die Minister van Etniese Sake by die geleentheid verteenwoordig en in haar toespraak die Afrikaanse Klub se ondersteuners aangemoedig om ons taal en kultuur in Nieu-Seeland te behou en met die gemeenskap te deel. Sy het verduidelik dat dit heeltemal aanvaarbaar is vir die regering dat mense op hierdie wyse emosioneel gemotiveerd bly vir hul aanpassingstaak in die nuwe land.

8.3 Sanger Jurie Els

Op 22 Junie vanjaar het net meer as 200 mense Jurie Els se konsert in Browns Bay Primary School op die North Shore van Auckland bygewoon.

8.4 KiwiKaskenades (Gesinspretdag)

Op 22 Junie vanjaar (dieselfde dag as Jurie Els se konsert) het etlike honderde mense ons gesinspretdag (KiwiKaskenades) by Browns Bay Primary School bygewoon. Daar is kosstalletjies, algemene stalletjies en buitelugspeletjies aangebied, hoewel buitengewone swaar reën van die voorafgaande drie weke die veld bykans onbegaanbaar gemaak het. Nietemin was dit 'n suksesvolle dag en is ons 'n groot dank verskuldig aan Camp Adair, met wie die Klub baie goeie samewerkingsbande gesmee het en Fred's Fine Foods, wat die boereworsrolle verskaf het en 'n gunstige reeling met die Klub gehad het. Hierdie projek sal voortaan waarskynlik in die somer aangebied word, aangesien reën vir twee agtereenvolgende jare die laaste sê gehad het.

8.5 KiwiKasie Afrikaanse Kunstefees

Op 5 Oktober vanjaar het Die Afrikaanse Klub se tweede Afrikaanse kunstefees by die City Impact Church in Browns Bay, Auckland plaasgevind. **Mathys Roets** was die hoofsanger en is spesiaal vanuit Suid-Afrika na Nieu-Seeland gebring. Hy was die hooftrekpleister in 'n vol aandprogram wat deur 700 mense bygewoon is – 'n rekord vir 'n binnehuise konsert van die Klub.

Vroëer dieselfde dag het **KiwiKasie** se "**Rimpelfees**" by die Northcross Intermediate School in Browns Bay, Auckland plaasgevind. Dit was 'n multi-kulturele fees wat deur bykans 2,000 mense – Suid-Afrikaners en Kiwi's – bygewoon is. Afrikaanse inhoud is met die veertien groepe (sangers, musiekmakers en dansers) van ander kulture verweef en 'n hoogs geslaagde fees is aangebied. Hierdie geleentheid het puik mediadekking geniet, waaronder 'n volblad foto-artikel in die North Shore Times na die tyd.

As 'n nuwe uitbreiding tot die kunstefees is 'n kunsuitstalling van Suid-Afrikaanse kunstenaars gehou. Nie minder nie as tien kunstenaars (9 uit SA en 1 uit Zimbabwe) het hul kragte saamgesnoer en by die PumpHouse Gallery inTakapuna, Auckland hul uitstalling vir drie weke lank aangebied. Hierdie "Trots van Afrika /Pride of Africa"-uitstalling het baie goeie nuusdekking gehad en die twee openingsfunksies is deur talle gemeenskapsleiers en politici bygewoon, waaronder die Speaker van die Parlement.

Vanjaar se Kunstefees het 'n uitgawebegroting van ongeveer $11,500 gehad, met 'n inkomstebegroting van sowat $12,500. Die werklike inkomste was

egter hoër as begroot, danksy die reuse-belangstelling in veral Mathys Roets se konsert.

9. ***Ander Projekte***

9.1. Ad hoc-projekte

9.1.1 Die Klub het ‘n aksie geloods om verswakte, bejaarde Kiwi’s van ‘n rusoord vir ‘n halwe dag lank op rolstoele deur die Ellerslie Blommeskou te stoot.

9.1.2 Tientalle Kiwi-funksies en gemeenskapsprojekte soos feeste, konserte en opvoerings is deur Die Afrikaanse Klub gepromoveer. In sommige gevalle het ons ook koördinering van kaartjieverkope en besprekings gedoen.

9.1.3 Die Klub het ook geantwoord op ‘n roep om ondersteuning van ‘n Kiwi-kerk toe hulle fisieke bystand wou hê met die voorbereiding van ‘n Afrika-aand by hul kerk.

9.1.4 Die Klub wil probeer om ‘n ondersteunende kinder-oppasprojek te help fasiliteer. Hierdie idée is nog in sy kinderskoene, hoewel die gemeenskap al hieroor gepols is. Dit lyk beslis of daar ‘n behoefte is.

9.1.5 Die Klub het onlangs begin om studente en jong werkendes bymekaar te kry om lekker in Afrikaans te kuier. Hierdie projek is skaars twee weke oud en ons vertrou dit sal volgende jaar groei.

9.1.6 Die Klub het reeds begin met ‘n projek om Afrikaanse boeke (vir alle ouderdomme) na NS te bring. Ons het ook reeds ‘n vorige Bestuurskomitee se inisiatief verder geneem deur die opening van ‘n Afrikaanse rak in sekere Aucklandse biblioteke te herbeding. Ons is baie positief ontvang.

9. ***Bemarking***

- ‘n Promosiepamflet is ontwerp en word by elke funksie van die Klub versprei. (‘n Beknopte Engelse weergawe word ook beskikbaar gemaak, sodat Kiwi’s beter insig het.)

- ‘n Spesiale projek is aangepak om seker te maak dat die Klub se webadres by so veel as moontlik internasionale soekenjins geregistreer is.

- Korrespondensie word gereeld gevoer met talle groot internasionale epos-kommunikasiemediums (soortgelyk aan “Brokkies”) en aanbieders van Afrikaanse projekte en kunstefeeste buite Suid-Afrika. Goeie verhoudings is al opgebou en webbladbesonderhede word wedersyds uitgeruil en in ons publikasies gepubliseer.

- Deur laasgenoemde verhoudings het ons Klub tans die geleentheid om vir elke uitgawe van KLETS, die grootste internasionale Afrikaanse e-tydskrif, ‘n artikel by te dra. Ons het vanjaar reeds vier artikels daarvoor bygedra.

- Gesprek is onlangs in Suid-Afrika met die ATKV se topbestuur gevoer oor die moontlikheid om ons Klub se kontakbesonderhede op meer gereelde basis te laat publiseer. Ons hoop om volgende jaar by implementering uit te kom.

- Heelwat nuusvrystellings is pro-aktief aan die nuusmedia in Auckland verskaf, met baie positiewe nuusdekking die gevolg.

- Artikels is by verskeie geleenthede vir "Connections" (SANZ se lyfblad) geskryf.

- By een geleentheid is baie positiewe blootstelling verkry deurdat ons 'n lang brief oor die positiewe aspekte van ons Klub en die lewe in Nieu-Seeland geskryf en aan die BEELD en VOLKSBLAD gestuur het. Albei is baie prominent gepubliseer. Die briewe is geskryf na aanleiding van 'n negatiewe polemiek wat deur 'n Afrikaanssprekende in Australië se brief aan die koerante begin is. Ons glo dit het gedien as 'n teenvoeter vir die oorspronklike negatiewe brief en het tot verdere navrae oor ons Klub en Nieu-Seeland aanleiding gegee, aangesien ons webadres ook by die artikel geplaas is.

9. ***Klubdienste***

9.1 E-tydskrif: "Uit-maar-Tuis"

Hierdie blad het in sy nuwe formaat baie positiewe reaksie ontlok. Lees par. 6.3.

9.2 E-nuusbrief: "Brokkies"

Die prys van advertensiespasie is vanjaar verlaag, omdat geglo is dat die beoogde uitbreiding van die intekenaarsbasis tot meer advertensies sal lei, wat op sy beurt weer tot verhoogde inkomste vir die Klub sou lei. Ons stoutste verwagtinge is oortref, deurdat die intekenaars vanjaar bykans verdriedubbel het (tot bykans 1,300 gesinne) en steeds weekliks groei. Verder is vanjaar meer as $4,500 se inkomste deur middel van "Brokkies" gegenereer. Hierdie groot intekenaarbasis het noodwendig beteken dat "Uit-maar-Tuis" as e-tydskrif ook baie verder versprei kon word. Albei mediums het baie bygedra tot 'n groot verbetering in die Klub se beeld en begrip vir die Klub se werk en doelwitte.

9.3 Webblad

Pogings word gereeld aangewend om ons nuwe webblad van nuwe, vars inligting te voorsien. Die Klub het 'n taak om ook voornemende immigrante in Suider Afrika d.m.v. die Klub se webblad in te lig oor omstandighede in Nieu-Seeland, asook om aan te toon dat daar wel op positiewe wyse met Suid-Afrikaanse aktiwiteite gewerskaf word. Die vorige lys van skakels is geskrap en nuwe skakels is krities oorweeg, nadat 'n beleid vir skakels geformuleer is. Omdat baie mense vanuit SA oor omstandighede in Nieu-Seeland navraag doen en dit dikwels moeilik is om bevredigende antwoorde vir die uiteenlopende vrae te verskaf, is skakels na webblaaie gekies wat aan voornemende immigrante goeie inligting kan verskaf; ook ten opsigte van werksoek.

9.4 Geelbladsye

Hierdie is steeds ‘n belangrike deel van die Klub se webblad, hoewel die herontwerp daarvan (om met die nuwe webblad se styl en struktuur saam te val) eers in 2003 as ‘n projek aangepak sal word. Die beleid word steeds gehandhaaf dat enige besigheid gratis daarop gelys kan word, mits dit in Suid-Afrikaanse besit is, of indien Suid-Afrikaners by ‘n Kiwi-besigheid werk wat goeie dienste en produkte aan SA-immigrante kan verskaf.

9.5 Afrikaanse Kinderklasse

Hierdie baie belangrike funksie het vanjaar ongelukkig nie van die grond af gekom nie. Dit is moeilik om mense te kry wat Saterdagoggende wil opoffer om so ‘n diens te lewer. Hoewel party van ons kinders deur vorige jare se klasse genoeg daaruit gekry het om te begin Afrikaans lees, is die impak baie klein, omdat slegs ‘n handjievol kinders werklik geraak word, weens die lokale aard van die diens.

Onderhandelinge word tans met die ATKV in Suid-Afrika gevoer om die moontlikheid te ondersoek om basiese Afrikaanse lesse (op interaktiewe wyse) op die Klub se webblad te voorsien, sodat ouers op eie stoom hiervan gebruik kan maak. Ons hoop om hierdie projek in 2003 te laat realiseer, hoewel nog baie water in die see moet loop.

9.5 Leenbank van huishoudelike goedere

Hierdie diens is baie gewild. Dit moet nie verwar word met die beskikbaarstelling van goedere aan mense wat die aankoop van noodsaaklike items bloot uitstel nie. Dit is bedoel vir persone wat wag op hul vraghouers van Suid-Afrika, om hulle uit te help, sodat hulle nie sulke goedere moet aankoop terwyl hulle wag op hul goed nie. Tientalle gesinne is vanjaar weer gehelp met die uitleen van matrasse, beddegoed en basiese eet- en kookgerei. Daar is gewoonlik ‘n tekort aan veral matrasse. Ons is dankbaar dat ‘n vrywilliger nou ook aangedui het dat sy bereid is om die diens ook in Howick aan te bied. Dus sal ons twee voorrade kan laat aanhou. Dit moet in gedagte gehou word dat sulke voorraad by vrywilligers se huise aangehou en bestuur word en dat dit ‘n gratis diens is.

9.5 Inligting aan voornemende immigrante

Soos in par. 9.3 vermeld is, word baie voornemende immigrante gehelp met inligting deur goedgekose skakels op die Klub se webblad. Ook word honderde individuele navrae van mense uit die buiteland beantwoord.

9.5 Ander dienste

Die Klub het by verskeie geleenthede Afrikaanse musiek-CD’s, kindervideo’s en rolprentevideos verkoop. In laasgenoemde twee gevalle is ‘n spesiale aksie geloods om die video’s vanuit Suid-Afrika te bestel en plaaslik te versprei.

10. ***Lidmaatskap***

Omdat die Bestuurskomitee geoordeel het dat die beeldbouprojek met sy gepaardgaande identiteitskepping en ander posisioneringswerk eers goed

aan die gang moes kom, het ons aktiewe ledewerwing tot Augustus uitgestel. Deur die loop van die jaar het heelwat spontane intekenaars wel na vore gekom, maar nadat ‘n veldtog om ledewerwing van stapel gestuur is, is ons dankbaar dat sowat 70 gesinne as nuwe lede aangesluit het.

Vorige rekords was nie heeltemal duidelik nie, maar dit het gelyk of die ledebasis by die aanvang van hierdie Bestuurskomitee se termyn op enigiets tussen 75 en 120 gesinne gestaan het. Dit beteken dat die ledetal nou naby 200 gesinne kan staan. Teen ‘n gemiddeld van 4 persone per gesin kan dit naby aan 800 persone behels, hoewel ons versigtig sal wees om te beweer dat dit is hoeveel mense ons amptelik verteenwoordig. Dit word dus aanbeveel dat die nuwe Bestuurskomitee ook meer aan die administratiewe sy van die Klub aandag gee sodat hierdie syfers in die toekoms korrek weergegee kan word.

11. ***Strategiese Verhoudinge***

11.1. Multi-Cultural Society

11.1.1 Die Afrikaanse Klub is by hierdie multi-kulturele liggaam van Auckland geaffilieer. Ons het al by talle van hul funksies Afrikaanse sangitems bygedra (dankie Marinda de Villiers! en AfriCapella-mannesanggroep!) Ons werk ook gereeld saam aan hulle projekte se organisering.

11.1.2 Deur ons kontak met hierdie liggaam het die Klub ook uitnodigings ontvang na die Indiese en Filippynse klubs se kultuurdae. Verder is ons uitgenooi om deel te neem aan multi-kulturele feeste in Takapuna, Auckland en Orewa.

11.1.3 Die uitreiking na hierdie interessante en positiewe mense het ‘n wonderlike spontaniteit teenoor en aanvaarding van mekaar teweeg gebring. Net so het ons al heelwat steun uit hulle geledere verkry vir ons kulturele behoeftes, omdat hulle almal (verteenwoordigers van die lappieskombers van kulture in Nieu-Seeland) soortgelyke behoeftes het om aanvaar te word en ook hul identiteit en taal te kan uitleef. Dit was interessant om te besef hoe baie van hierdie taalgroepe hul eie taallesse vir hul kinders aanbied, om iets van hul eie lewendig en gesond te hou.

11.2 SANZ

Die Bestuurskomitee het vanjaar – soos verlede jaar sedert die eerste Kunstefees – weer uitgereik na **South Africans in New Zealand Charitable Trust**, omdat ons hulle as buurmanne beskou en omdat ons gevoel het hulle en ons menswaardigheid vereis dat ons mekaar beter leer ken. SANZ het verskeie uitnodigings na ons funksies aangeneem en ook aan ons heelwat blootstelling gegee vir ons groot projekte in hul lyfblad, “Connections”.

Hoewel ons wedersyds besef dat ons twee organisasies ons eie unieke fokusareas en doelstellings het en elkeen mekaar sy bestaansreg gun, het ons algaande besef dat dit die moeite werd is om mekaar as mede-Suid-Afrikaners te ondersteun en versterk.

11.3 SA Supporters Club

Ons het verlede jaar reeds begin om na hierdie derde Suid-Afrikaanse klub in Auckland uit te reik. Die **South Africans Supporters Club** is by enkele van

ons funksies betrek, bv. hul dansgroep wat aan ons kunstefees deelgeneem het. So ook is van hul kinders opgeneem in die Afrikaanse Klub se Afrika-dansitem by KiwiKasie. Ons het ook heelwat met hulle geskakel en waar moontlik hulle raad gegee en op ander maniere bygestaan. Die verhouding met hul Bestuurskomitee is baie gesond en gereelde kommunikasie vind plaas.

11.4 Suid-Afrikaanse Ere-Konsuls

Ons het sedert sowat 18 maande gelede die hand uitgesteek na Suid-Afrika se twee Ere-Konsuls in Nieu-Seeland: Prof. Nick van der Walt (Ere-Konsul van SA in Auckland) en mnr. Gregory Fortuin (Ere-Konsul van SA in die res van Nieu-Seeland).

Dit het gelei tot ‘n uitnodiging aan Die Afrikaanse Klub en die ander twee SA-organisasies om saam met prof. Van der Walt ‘n vlaghysingseremonie by te woon, wat deur die burgemeester van Auckland aangebied word vir alle immigrantegroepe, wie se lande van oorsprong diplomatieke betrekkinge met Nieu-Seeland het. Hierdie uitnodiging is gedurende die afgelope maand herhaal, en lyk of dit ‘n jaarlikse instelling sal word.

Hierdie verhoudinge het gedy en is tans uiters gesond. Die twee here het bv. ingewillig om KiwiKasie se Kunsuitstalling-opening saam met Die Afrikaans Klub as gashere aan te bied en op hul name is – in die naam van die Klub - allerlei politici uitgenooi, wat die openingsfunksies ook bygewoon het.

Deur hul bemiddeling is ook gesprekke gevoer met die Hoëkommissaris van Nieu-Seeland in Suid-Afrika, mnr. René Wilson (wat toe met vakansie in NS was) en die Hoëkommissaris van Suid-Afrika in Australië, mnr. Zolile Magugu. Behalwe dat hierdie gesprekke tot beter begrip en kennis oor ons Klub by hulle gelei het, het hulle ook die stelling gemaak dat party van die soorte ondersteuningsdienste wat die Afrikaanse Klub onverpoos verrig, tot ‘n groot mate eintlik deur ‘n land se ambassade verrig moet word. Die feit dat Suid-Afrika nie ‘n ambassade in Nieu-Seeland het nie, verhoog die druk op ons immigrante-organisasies.

Hierdie verhoudinge het ook daartoe gelei dat Nieu-Seelandse politici by drie van ons funksies teenwoordig was. In twee van die drie gevalle het hulle in hul toesprake genoem dat dit heeltemal aanvaarbaar is om ons taal en kultuur in ons nuwe land te handhaaf, solank ons ons “oorloë en strydpunte by die huis laat”.

Die wonderlike erkenning van ‘n gesonde verhouding het gekom tydens mnr. Gregory Fortuin se burgerskapseremonie in die regeringsgebou in Wellington (wat die Klub-voorsitter op uitnodiging bygewoon het). Hy het sy toespraak aan die politici, persoonlike gaste en twee nasionale TV-stasies begin deur te sê dat hy niemand in sy toespraak gaan uitsonder nie. Hy het egter wel EEN uitsondering gemaak… Hy het gesê dat hy die afgelope tyd ‘n baie goeie, opregte verhouding met die Afrikaanse Klub opgebou en ook genoem hoe hy die spontane verhouding waardeer. Hy het bygevoeg dat dit tragies is dat hy en Afrikaners mekaar eers in die vreemde goed moes leer ken.

11.5 Afrika Fees

Die Afrikaanse Klub, SANZ en die SA Supporters Club het pro-aktief besluit om skouer aan skouer stalletjies op te rig by die afgelope Afrika-fees in

Howick, Auckland. Hoewel elkeen sy eie belange gepromoveer het, het ons daarmee aan die publiek die boodskap oorgedra dat ons almal Suid-Afrikaners is wat mekaar ‘n plekkie in die son gun en goed met mekaar oor die weg kom. Hierdie boodskap het groot byval gevnd by Suid-Afrikaners wat aan ons terugvoering gegee het.

11.6 East Coast Bays Community Centre

Die Afrikaanse Klub is betrokke by hierdie sentrum en het ‘n verteenwoordiger op hul komitee. Ons is so ver moontlik betrokke by hul projekte. Hulle gee positiewe blootstelling aan ons Klub se bedrywighede d.m.v. hul nuusbrief aan die publiek. Ons Klub is ook gelys in hul “Community Groups”-boek, wat deur die “Citizens Advice Bureau” versprei word.

11.7 Shore Arts Forum

Die Afrikaanse Klub het ‘n verteenwoordiger wat op hierdie Forum dien. Jurie Els se optrede was bv. formeel deel van die Forum se feesprogram.

12. ***Borgskappe***

Vanjaar het nie minder nie as ses borge saamgespan om die Klub se KiwiKasie Kunstefees moontlik te maak. Die Bestuurskomitee se beleid is om baie goed na ons borge om te sien en die nodige blootstelling te gee in ruil vir hul fantastiese ondersteuning. Tussen die ses het hulle nie minder nie as $6,000 se borgskappe bygedra. Hulle is: (Bedrae is benader)

- Richard & Annelien Piechazek (**AI Financial Services**) - $2,300
- Frans & Ronel du Plessis (**Newcor Immigration Services**) - $1,000
- Christo & Caroline Minnie (**Nautilus Financial Services**) - $1,000
- David en Marietjie Vorster (**Stationery World**) - $800
- Hugo & Riana McGrath (**Takapuna Speedy Signs**) - $800
- Gerhard van Wyk (**Airport Express**) - $200

Ook vroëer vanjaar het ons borgskappe ontvang van:

- Mari Designs
- Fred’s Fine Foods
- Newstart Guest House
- Stationery World
- Camp Adair

Baie dankie aan hierdie borge, sonder wie se ondersteuning ons werk baie moeiliker sou gewees het. Julle het voorwaar in jul eie gemeenskap belê. Ons hoop ons lede ondersteun julle ook goed. (Die borge se kontakbesonderhede is op die Klub se webblad beskikbaar, onder “Koel Skakels”.

13. ***Vooruitskoue vir 2003 en daarna…***

As alles volgens plan verloop, en indien ons voldoende vrywillige helpers kan kry, wil ons – benewens die normale dienste – ook aan die volgende sake aandag gee:-

13.1 Afrikaanse lesse vir die kleinspan op die Internet.

13.2 Verdere aanpassings aan ons webblad, om meer regstreekse en aanlyndienste moontlik te maak. Ons ideaal is bv. Om projekkaartjies via die webblad te verkoop, om nuwe lede in staat te stel om aanlyn aan te sluit en eie kontakbesonderhede te kan verander, maar ook vir adverteerders om aanlyn hul eie advertensies vir Brokkies te registreer, ens. Ook "Geelbladsye" mag dalk aanstaande jaar 'n nuwe baadjie kry.

13.3 Ons wil graag ons administrasie verbeter, sodat hernuwingskennisgewings en ander materiaal gereeld uitgaan en lidbesonderhede op datum gehou word.

13.4 'n Uitgebreide KiwiKasie Kunstefees.

13.5 Verdere deurlopende beeldbouaksies, nie net ten gunste van die Afrikaanse Klub nie, maar ook ten gunste van die Afrikaanssprekende in die besonder.

13.6 Die projek om 'n Afrikaanse biblioteekrak in Browns Bay se stadsbiblioteek te begin sal momentum kry. Dit kan dalk na Howick, Hamilton en Tauranga uitgebrei word. Daar is reeds met die ATKV in SA hieroor gepraat. Hulle mag dalk aan ons boeke skenk, hoewel ons die vervoerprobleem moet oplos.

13.7 Ledewerwing sal in 2003 groot aandag moet kry.

13.8 Die Klub se Leenbank sal ook na Howick uitgebrei word.

13.9 'n Verskeidenheidskonsert met plaaslike talent vroeg in 2003.

14. ***Slot***

Ek bedank 2002 se Bestuurskomiteelede, die medewerkers, adverteerders, borge, lede en ander ondersteuners van die Klub se projekte hartlik vir 'n wonderlike jaar van samewerking. Ons glo die Afrikaanse Klub het vanjaar groot hoogtes bereik. Een van ons drome was om te sien dat ons kultuurorganisasie help om ons immigrante se sin vir eiewaarde en kulturele trots te bevorder. Ons wou meewerk om vir elke SA-immigrant die pad ietwat makliker te help maak, deurdat 'n meer aanvaarde, relevante organisasie te word.

Ons vertrou ons het grootliks daarin geslaag. Waar ons gefaal het en gefouteer het, vra ons om verskoning en sal ons – indien die geleentheid hom weer voordoen – harder probeer om ons lede en ons mense van diens te wees. Ons sal ook terugvoering en voorstelle van lede waardeer.

Ek wil graag ook hiermee erkenning gee aan en dank betuig teenoor ons Almagtige en Drie-enige God, by wie ons ons talente en ywer ontvang het om dinge op aarde te doen. Hoewel ons bewus is dat ons aardse kulturele behoeftes en belang nooit bo die saak van die Here gestel kan word nie, weet ons ook dat Hy ons as multi-dimensionele, talentvolle sielsmense geskape het wat ook bykomende emosionele behoeftes het wat deur kultuur en sosiale netwerke vervul kan word.

Ek wens elke lid van Klub en elke ander persoon wat met ons 'n belang deel, 'n baie vreugedevolle Kersfees toe. Mag elkeen dit as 'n ware Christusfees beleef.

Philip Langenhoven
Voorsitter